

**Searsia lancea, S. marlothii en S. tenuinervis** voorheen *Rhus spp* (Karreeboom, Bitterkaree en Karoo taaibos)



E: Willow rhus, karee, baster willow

A: Soetkarree, karree, rooikarree

D: Afrikanische Rivierweide

H: Oruzo

Voorheen was al die karree-gewasse onder die naam *Rhus* geklassifiseer, maar is nou by die *Searsia*-gewasse ingedeel. Hulle is lede van die groot Mango-familie (Anacardiaceae) en dus ook familie van mango- en cashew neut-bome. Die karreeboom is seker een van ons mooiste doringlose

skadubome! Hier by ons in die Omaheke staan dit gewoonlik langs vleie of panne, veral as daar kalkbanke voorkom. Dit staan ook langs rivierlope in areas, waar daar riviere voorkom. Aangesien die boom nie 'n aggressiewe wortelsisteem het nie, is dit baie goed geskik vir tuine en om langs strate geplant te word. Dit het 'n wilgeragtige voorkoms, is immergroen en baie gehard, weerstaan droogde en koue.



*Rooierige stam/ stamme*



*tipies driedelige blaar*



*geelgroen bloeisels*

Hierdie waardevolle boom word deur baie diere besoek: Bye en ander insekte kom vir die massas soetgeurige blomme wat in winter (Junie) verskyn, waar daar nie baie ander kos vir insekte is nie; voëls hou van die suur bessies, wildsbokke vreet die jong blare en takke. Almal vind beskerming en koelte in die diep skaduwee.

Vee kan met die blare gevoer word, maar dit bevat tannien en moet met ander kos gemeng word. As 'n mens jou melkkoeie/-bokke daarmee voer, kan die melk dalk vreemd proe.

Mense het ook al lank terug sy waarde leer ken. Die hout is hard en kan as pale, pik- en bylstele en handvatsels vir gereedskap gebruik word. In die tyd waar met ossewaens deur die lande getrek is, was karreehout gesogte hout vir reparasie aan wiele en ander ossewadele. Tabakpype en bakke is ook van karreehout gemaak. Die hout lyk **mooi!**  
 Van die vruggies kan 'n bierdrank gebrou word.

Soos al genoem, baie geskik in die tuin, kan dit deur saad of steggies (sny jong takke in September tot Oktober) gekweek word. Die boom kan tot 80 cm per jaar groei tot 'n maksimum hoogte van so 8m.



'n Duidelike kenmerk van al die karee-gewasse is die driedelige blare soos ons op die foto kan sien; drie gelykvormige blare sit op een blaarsteeltjie. Die vorm van die drie blaartjies van een soort is dieselfde, maar verskillende *Searsia*-spesies kan verskillende blaarvorms hê.



*Searsia marlothii* E en A: Bitter kar(r)ee, en  
*Searsia ciliata* E en A: sour/ suur karree

Hierdie twee karree spesies is meerstammige struike, wat tot 3m hoog word. *S.ciliata* vorm hier by ons dikwels digte bosagtige kolle in sandgronde.

Suur karee is by ons boere hier nie gewild nie. Die suur vruggies is eetbaar. Bitter karee word deur sommige inboorlinge vir wondbehandeling gebruik. Met behulp van die wortelsap (van seker alle karree soorte) word velle gelooi.

*Searsia tenuinervis*



*Searsia tenuinervis* kan 'n struik wees, maar dit kan ook tot 'n meerstammige boompie groei. Dikwels groei dit in die skaduwee van 'n ander boom, klim teen die stam/me op tot bo in die kroon om by die sonlig uit te kom. Sy blare is sag, amper rond en bedek met 'n fyn pelsie op albei kante. Die bessies kan bruin of blouurig wees. Dit is eetbaar.

Die wortelhout is baie hard en word deur die Boesmans graag gebruik vir pylpunte en pyl-“gewrigte”. Wanneer die Boesmankinders leer om met pyl en boog te skiet, word sulke houtpyle gebruik. Die pylpunte word nie met gif behandel nie. Verdere gebruike by die Boesmans is wortelbas teen tandpyn, 'n konkoksie van wortels teen erge hoes en borspyne. Die Kwanyama plaas vergruisde (dalk gekoude) blare op bysteke en verdryf die bye met smeulende *Searsia t.*-takke om dan die heuning uit die nes te haal.



Die voorkoms van die karreebome laat 'n mens dink aan somer, water, rustigheid, moontlik omdat hulle nogal na wilgerbome lyk, en wilgerbome staan tog langs water en belowe presies dit: rus en geborgenheid.

Onder die groot karreebome hier by 'n mooi vlei sien ek klomp tekens van diere wat daar staan en vertoef; eintlik nooi die bome jou uit, om 'n bietjie by hulle te kom staan.

In Namibië is hulle beskermde bome en mag nie gekap word nie.

Inligtingsbronne: Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)

Tree Atlas of Namibia (Barbara Curtis, Coleen Mannheimer)

Die Suid-Afrikaanse Boomgids (Keith, Paul & Meg Coates Palgrave)

Trees & Shrubs of Namibia (Le Roux and Müller's Field Guide .....revised and expanded by Coleen Mannheimer and Barbara Curtis)

Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)

PlantZAfrica.com SANBI (South African National Biodiversity Institute)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Foto of arrow heads: Gemsbok Bean & Kalahari Truffle/Foto of *Searsia* leaves: Trees & Shrubs in Namibia

Junie 2018